**Donderdag 15 Augustus**

| Skrifgedeelte: Handelinge 9:1-19 | Fokusgedeelte: Handelinge 9:5-6 |
|---|---|

**Bekering is die eerste tree tot diensbaar wees vir Christus!**

Met die bekering van Paulus is dit Christus wat die inisiatief neem. Net soos in al die ander roepingsverhale in die Bybel, lees ons nêrens van Paulus wat na Christus soek en Hom vind nie. Christus verskyn in ’n helder lig en Hy stel vir Paulus voor die groot waarheid oor Wie Hy werklik is.

Hy vra ook nie vir Paulus of hy Hom wil volg of nie. Christus weet hy sal, want waar die Drie-enige God aan die werk is, kan geen mens teëstribbel nie. Daarom kan Christus ook vir Paulus beveel om op te staan en na die stad toe te gaan. Daar sal hy uitvind wat hy moet doen. Vanaf daardie oomblik was Paulus ’n getroue getuie van Christus. Hy sou nog bitterlik ly, geslaan en vir dood agtergelaat word, maar niks kon die waarheid dat Jesus Christus die Here is, uit hom uit verdryf nie.

Die bekering wat God bewerk, lei altyd daartoe dat sy kind diensbaar raak vir Christus. Nie in een van die roepingsverhale van die Bybel draai die een wat bekeer is, om en gaan maar net doodluiters aan asof niks gebeur het nie. Bekering beteken juis dat iemand wat eers diensbaar vir die duiwel was ’n totale ommekeer maak en diensbaar raak vir Christus.

Elke dag roep God ons deur sy Woord en Gees en bring Hy ons weer tot stilstand voor die hoogste waarheid: Jesus Christus is die Here! In Hom is ons nie net ware vry mense nie, maar deur sy Gees ontvang ons ook alles wat nodig is om diensknegte van Christus te wees.

Mag ons elke dag God se roepstem hoor: “O dogter, wat die bruidsroep hoor, o skoonste, luister, neig jou oor ... weier nie: buig voor Hom neer; Hy is jou Koning en jou HEER.”

*Sing: Psalm 45-1:1, 6, 9, 10*

*Ds. HJ Stoltz (Hendrik) (Ontdekkers)*